LANGEBAAN RATEPAYERS AND RESIDENTS ASOCIATION (LRRA)

LANGEBAAN BELASTINGBETALERS EN INWONERSVERENIGING (LBBIV)

VOORSITTERSVERSLAG 2009 - CHAIRMANS REPORT 2009

It is indeed a privilege and honour to deliver to you my report regarding the activities of LRRA and its Executive Committee for the period under review from 1 January 2009 to 31 December 2009.

The elected Executive Committee members for the abovementioned period were as follows:

Chairperson: .....Jaco Kotze
Vice -Chairperson: .....Clement Matthews
Secretary: .....Frans Palm
Treasurer: .....Hannes Vermeulen
Additional Members: .....Marinda Matthews
Mel Richter
Wilkie van Wyk

The total membership as to date is 230. Unfortunately not all these members are fully paid up members

Meer lede moet aansluit en ten volle opbetaal wees,nie net om meer verteenwoordigend te wees nie, maar ook om ons finansieële stand te verbeter. Ons het die proses om lidmaatskap baie verbeter en diegene wat n rekenaar en internet tuis het kan dit vanaf die gerief van u huis of kantoor doen. Hierdie proses maak dit ook moontlik vir eienaars van eiendom in Langebaan wat elders woon moontlik om lidmaatskap op te neem. Ons het ook verskeie advertensies en publikasies in die Coastal News geplaas om mense aan te spoor om lede te word. Ongeag hierdie pogings het die lidmaatskap nie veel vanaf verlede jaar verhoog nie.Die proses is as volg:

1) U gaan in op die webtuiste van die LBBIV te wete www.langebaanratepayers.co.za
2) U gaan na "Documents " en vul die Lidmaatskap Aansoekvorm in op die siteem. (Onthou om u ERF Nr aan te dui en maak seker dat u e-pos adres korrek is)
3) U versend die voltooide Lidmaatsakp Aansoekvorm na die LBBIV se e-pos adres te wete: info@langebaanratepayers.co.za
4) Op die Aansoekvorm is ook die Bankbesonderhede van die LBBIV waarin u dan die gelde elektronies aan ons kan oorbetaal.Gebruik u ERF Nr en VAN as verwysing
5) U sal dan deur die Sekretaris in kennis gestel word van u Lidmaatskapnommer en n lidmaatskap kaart per pos ontvang.

Diegene wat nie van die stelsel gebruik kan maak nie kan vanaand betaal en hul Lidmaatskapvorms voltooi.

Soon after the AGM last year, which took place on the 8 th January 2009 the newly elected Executive Committee had their first meeting and structured itself to function better.
The individual committee members were allocated in several different portfolios according their specific field of expertise and or preference.

The portfolios are as follows:

Chairperson:	Jaco Kotze	Economic Development , Spatial Planning, & Environment
Vice-Chair:	Clement Matthews	Marketing and PR
Secretary:	Frans Palm	Local Government Issues
Treasurer:	Hannes Vermeulen	Local Housing
Additional Members:		
	Miranda Matthews	Social Welfare
	Mel Richter	Roads and related Infrastructure

REPRESENTATION:

The LRRA through its Executive Committee has representation on various other institutions: The chairperson represented the LRRA on various environmental bodies due to his portfolio, such as the

West Coast National Parks Board Forum
Saldanha Bay Forum
Transnet Environment Monitoring Committee
Langebaan Action Group.
Ward 6 Ward Committee
I also represented the LRRA on the Langebaan Community Police Forum

The LRRA is registered as an interested/affected party (A & IP) with various development activities and proposed developments in and around Ward 6 and we regularly submit comments in terms of the Environmental Impact Assessment processes.
Die LBBIV was vanjaar veral baie betrokke by Omgewingsverwante sake:

1. Stranderosie:

Paradise Beach

Ons was instrumenteel by die verkryging van n werkbare oplossing van die Paradise Beach stranderosie. Die LBBIV het Provinsiale en Nasionale ingryping bewerkstellig gegewe dat die Saldanha baai Munisipalitiet oudergewoonte skouers opgetrek het. Hierdie ingryping het by Nasionale Parlement gedraai en sederdien is hulp van DEAT bekom.

Langebaan Noord

Daar word tans met die Provinsiale regering gesels oor die pad vorentoe met die erosie in die Langebaan Noord gebied aangesien die moniterings periode nou verstreke is en daar verder aksie geneem moet word.

Langebaan Suid

Ons het op 26 November 2009 in samewerking met die Cape Biosphere en Saldanha Bay Water Quality Forum n afspraak met die Minister van Omgewingsake Mnr Anton Bredell gehad en aan hom n voorlegging gedoen aangaande die monitering van sand en sediment beweging in die Langebaan strandmeer.Hierdie moniteringsmodel moet egter nou verfyn word, maar ons is baie positief dat hierdie projek suksesvol begin sal word in 2010.

2. Industrieele aanslag:

Ek is baie verlig om vandag te kan se dat die voorgenome Tru-Osmose aanleg wat Transnet in die baai wou bou vir eers n bloedneus gekry het. Hierdie aanleg sou wel vars water aan die Yster- erts hawe verskaf om die yster-erts stof te bekamp ,maar tot moontlike tragiese gevolge vir die baai en strandmeer.

Ons hou tans die voorgenome IDZ van die Munisipaliteit met fyn oë dop en sal verseker 'n baie groot rol speel om te verseker dat indien die projek wel afkom dat dit geen negatiewe effekte en impakte op die baai sal he nie.

3. Munisipale aanslag:

Dit het verskeie kere hierdie afgelope jaar gebeur dat die Saldanha baai Munisipaliteit rioolstortings in die baai veroorsaak het. Meeste van hierdie stortings is wel weens nalatigheid, maar ander selfs doelbewus. Daar is reeds een kriminele saak teen die Munisipaliteit laat in September 2009 gemaak en ons verwag spoedig dat die saak wel voor die hof sal dien.

Dit het ook tot ons ontsteltenis bekend geword dat die Saldanha baai Munispalitiet vir die afgelope 2 jaar gelieg het oor die bestaan van n stormwater meestersplan. Dit bestaan egter nie, maar weens voortdurende druk en dreigemente is hul darem tans besig daarmee.

4. Stortingsterrein

Sedert 1 September 2008 is ons al besig met die aanspreek van die Langebaan stortingsterreine. Die onwettige terrein aan die suidekant van die bestaande terrein het ons reeds laat sluit. Die wettige en goedgekeurde terrein is ook vroeg Oktober 2009 deur die Provinsie besoek en n groot verbetering is tans reeds sigbaar. Met n onlangse oudit is egter bevind dat die stortingsperseel steeds ver tekort skied aan die permitvoorwaardes en sal Provinsie eersdaags met direktiewe aan die Munisipaliteit opdrag gee om of reg te maak of te sluit.

5. Nasioanale Port Owerhede tarief strukture:

Die LBBIV is tans ook in gesprek met die Nasionale Hawe Owerhede om voorsienning te maak vir n Omgewingstarief in die Hawe van Saldanha. Hierdie tarief impliseer dat daar vir elke ton wat deur die Hawe in of uitgevoer sou word n gedeelte aan omgewingsmonitering of navorsing en of omgewingsverwante aksies beskikbaar gestel sal word. Die inisiatief is egter nog in sy kinderskoene.

6. PLAASLIKE OWERHEIDS AANGELEENTHEDE

G.O.P proses:

Alhoewel die G.O.P proses wel tydens die 2009 jaar beter verloop het as in die vorige jaar skied dit egter nog ver tekort aan die minimum vereistes. Die LBBIV het egter op 3 September 2009 sy eie G.O.P Proses gehad en n omvattende dokument saamgestel en aan die Munisipaliteit oorhandig. Ek kan u die verskering gee dat hierdie dokumnet met groot deeglikheid en visie saamgestel is en Wyk 6 van groot voordeel sal verseker indien daaraan gehoor gegee word.

Begrotings proses:

Vir die eerste keer in die bestaan van die Saldanha baai Munisiapliteit is daar deeglike gesprek gevoer met alle belastingbetalersverenigings aangaande die begroting.Verskeie vergaderings is bele en harde gesprekke is gevoer voor die begroting aan die raad voorgele is. Ten spyte dat daar tussen die Saldanha baai Munisipaliteit en die onderskeie belastingbetalers groepe ooreengekom was dat daar nie met meer as n 8,9 % verhoging geimplimenteer sou word nie het die volle raad desondanks n verhoging van 14,9 % goedgekeur. Ek en my kommitee is baie teleurgesteld dat selfs ons eie raadslede eenparig ten gunste van so n begroting gestem het.

Waardasie proses.

Soos almal seker ook nog steeds bewus is, was 2009 ook die jaar waarby die eiendoms waardasie in die Saldanha baai Kunispalegebied gedoen was. Die LBBIV het meer as 250 besware hanteer waarvan soos ek verneem die meeste suksesvol was. Myself het ook ongeveer 20 appel verhore verteenwoordig waarvan die meeste behalwe my eie suksesvol was. Na ons mening was die proses baie swak deur die munisipalitiet bestuur en moes ons by verskeie geleenthede die munisipaliteit teregwys om die proses te wettig. Ons is egter nog verseker nie klaar met hierdie onderonsie nie en ek glo stellig dat ons reeds vroeg hierdie jaar die stryd sal voortsit.

Wyksafbakening vir 2011

Die LBBIV het verseker dat die wyksafbekening vir 2011 nie weer net in die politici se hande was nie maar wel soos dit deur die wet voorgeskryf word, n publieke deelname proses was. Ongelukkig het weinig van die publiek daaraan deelgeneem. Ons kon egter n baie professionele afbakening voorstel saamstel en het dit aan die Afbakeningsraad besorg. Daar kon egter ongelukkig nie konsensus bereik word met die politeike partye nie en die voorstelle sal dus deur arbitrasie bepaal moet word.'n Spesiale dank moet aan Mev Pretoius gegee word vir haar bydrae tot die saamstelling van die kaarte.

Behuisingsprojek

Soos u seker reeds weet is 246 nuwe lae koste behuisings eenhede in die Fase 2 Seaview Park aangebou. Die Saldanha baai Munispaliteit het egter weer eens gefaal om hierdie projek suksesvol afte handel aangesien grootskaalse vermoedelike bedrog plaasgevind het met die toekenning van die huise aangesien daar nie n toekenningsbeleid bestaan nie. Ons was egter instrumenteel met die verkryging van n onafhanklike ondersoek en het selfs daaraan deelgeneem. Hierdie verslag het reeds voor die raad gedien ,maar nog met geen daadwerklike optrede nie.

7. MEDIA BLOOTSTELLING

Die LBBIV het verlede jaar baie goeie mediablootstelling geniet.

Ons het verskeie kere goeie dekking in die Weslander verkry.
Die LBBIV wil ook graag n spesiale woord van dank aan Coastal News bied vir die geleentheid om elke 2 weke die "Ratepayers Report" te publiseer.
Ons het by 2 geleenthede die geleentheid gekry om op Nasionale TV ons standpunte te stel te wete Fokus en het ons ook goeie blootstelling op 50/50 gehad.

Ons was ook gereeld te hore op Radio Weskus se spesiale program. Die Saldanha baai Munisipale bestuurder en ander amptenary was egter ongelukkig nooit te vinde vir n ope publieke debat oor die radio nie.

8. PUBLIEKE VERGADERINGS

Die uitvoerende komitee het gereeld op 'n maandelikse basis vergader waar sake van belang en ander aangeleenthede rakende Wyk 6 bespreek is, met gepaardgaande besluite en die uitvoering daarvan.

Soos belowe het die LBBIV kwartaaliks publieke vergaderings gehou.

8.1 8 Januarie 2009 A.J.V
8.2 10 Maart 2009 Spesiale Algemene vergadering
8.3 1 April 2009 Eiendoms Waardasie vergadering
8.4 3 September 2009 G.O.P en algemene gesprekvoering

All written comments and letters referred to in this report are available on our Website www.langebaanratepayers.co.za.

I would like to express my sincere gratitude to all members and other interested residents for their support. The responsibility to ensure that the LRRA achieves its goals and objectives is not only vested with the Executive Committee, but indeed with every member. I would like to once again extend my appreciation to Jacque Marais and Deidre Benjamin of the Langebaan Municipal Office for providing information and assistance when required.

My hartelike dank ook weer eens aan die lede van die Uitvoerende Bestuur vir die bevoegde manier waarop u sake hanteer en afgehandel het en ook vir die goeie gees waarin dit geskied het. Daar wag sekerlik nuwe uitdagings op die LBBIV in die komende jaar, maar as die nuwe uitvoerende bestuur wat aanstons gekies sal word, voortbou op die fondamente wat u gelê het gedurende u termyn, voorspel ek net groter suksesse vir die LBBIV in die komende jaar wat voorlê.

In conclusion I foresee that with the necessary support, commitment and determination by you as the ratepayers and residents, this Association will go from strength to strength and therefore my best wishes accompany the LRRA during 2010.

Jaco Kotze
Voorsitter Langebaan Belastingbetalers- en Inwonersvereniging